# Hinterlander

OKTOBER ▪ NOVEMBER 2018 KWARTAALNUUS ▪ UITGAWE 6

INSIDE: 3 Retail tales 4 Etiese notas 5 Nuus van ons takke

# Hinterland @ ALFA 2018

**The annual ALFA Expo** took place from 18-21 September 2018. With Hinterland as the Expo's biggest sponsor for the second year running, the organisers were determined to make this year's event an even bigger success. There were over 350 exhibitors, showcasing some of the best breeds of all types of livestock, including dogs - a new addition to the line-up this year. The vibe was fun, electric and jam packed with loads of entertainment for the visitors.







Hinterland Staff @ ALFA








# Boodskap van die BD



*Mede-Hinterlander,*

Lente - is in die lug! Dit is die begin van 'n nuwe seisoen vol nuwe vooruitsigte en verwagtinge, en net so is Hinterland aan die vooraand van die nuwe produksieseisoen op die landboukalender.

As ons terugkyk op die afgelope vier maande, is daar by uitstek meer hoogtepunte vergeleke met dieselfde periode verlede jaar, byvoorbeeld ons omsette wat kortkop voor begroting is, asook die uitgawes wat in lyn is met begroting, ten spyte van die oesseisoen wat ongetwyfeld met ongeveer 'n maand aangeskuif het. Verder spog Bloemfontein se vulstasie met 'n nuwe rybaan en geriefswinkel en dit is duidelik dat dié besluit alle verwagting gaan oorskry, nes die Hinterland Express by Wesselsbron se vulstasie, wat binne die eerste vol drie maande sedert opening, die projeksies uitpresteer.

Die impak van die laat oesseisoen is duidelik op ons margelyn te sien en dit gaan slim beplanning en bestuur verg om in die volgende vyf maande in lyn te kom met ons begroting. Gebrekkige verbruikersvertroue, die stygende brandstofpryse, wisselkoersskommelinge en die dreigende grondkwessie is sommige van die realiteite wat beslis in ag geneem sal moet word ten einde te verseker dat die begroting behaal of oorskry word.

Inaggenome al die uitdagings is ek, en glo ek, die res van die besigheid vol vertroue dat dié uitdagings oorkom sal word en dat die doelwitte behaal en/of oorskry sal word. Hoe kan ek so seker wees? Want God se genade kom nooit tot 'n einde nie. Dit word opnuut elke oggend aan ons gegee, want Sy getrouheid IS groter as alles!


Bly gefokus op dit wat saak maak, sterkte met die uitdagings en geniet die reis.

*Hinterland groete,*

*Daan*

# Soutkorrels

met Johan Schoeman



*Vat jou uitdagings vas!!*

*Matt 5:13*

## Gelowige of ongelowige...

Iemand het geskryf: ***As jou geloof jou nie verander nie, moet jy jou geloof verander.*** Dink bietjie mooi hieroor, hoeveel dinge in jou lewe het verander nadat jy met Jesus in 'n verhouding getree het. Wat doen jy nie meer nie, hoeveel "nuwe" gewoontes het jy aangeleer? Iemand anders het ook geskryf; ***Dit is hart-seer as 'n gelowige en 'n ongelowige in 'n rusie is en jy kan nie onderskei watter een is die gelowige nie.*** Hierdie twee stellings is deel van ons daaglikse ervaring, baie mense tree in die week só op dat jy nie kan dink dat hulle Sondag in 'n kerk was nie.


Geloof in Jesus Christus as jou Verlosser verander jou hele lewe, jou optrede, jou woorde en jou siening oor wat belangrik en nie belangrik is nie. As jy met God in 'n verhouding tree, kry jy 'n "nuwe" waardesisteem. Jou menswees lyk nou anders, daar kom iets anders uit jou uit want jy besef dit gaan nie meer net oor jouself en wat jy uit die lewe kan kry nie, nee! Dit gaan oor 'n genadige God wat 'n liefdevolle hemelse Vader vir elke mens wil wees. 'n God wat sy Seun as Verlosser gegee het om aan 'n kruis te sterf sodat NIEMAND verlore hoef te gaan nie, en die ewige lewe saam met Hom kan beleef! **Dit is ook God se storie vir jou!**

As Jesus jou lewe aangeraak het, getuig jou lewe soos Paulus in **Galasiërs 2:20** – Nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe! Jy verander want jy maak jou ook soos Paulus "los van wat agter jou is, (jy breek met jou ou gewoontes), jy strek jou uit na wat voor is (jy kweek nuwe gewoontes). "Jy span jouself in om by God se wenstreep te kom (nie die wêreld s'n nie), sodat jy die hemelse prys kan behaal……. **Filippense 3:13b & 14**. Dan is niks anders meer belangrik nie want in jou verhouding met God vind jy alles wat jy nodig het en nog baie meer!

As ons vandag na die mense om ons kyk en luister, sukkel ons om Paulus se uitnodiging in 1 Korintiërs 11:1 - Volg my voorbeeld soos ek die voorbeeld van Christus volg, in hul lewens raak te sien.

**Hoe lyk jou lewensvoorbeeld, eggo jou lewe Paulus se uitnodiging?**

**REDAKSIE: REDAKTEUR:** Marlon Abrahams Tel: 018 464 7349 | *marlon.abrahams@senwes.co.za* **ONTWERP EN UITLEG:** Pieter Swanepoel | *pieter.swanepoel@senwes.co.za*





Retail *tales*

# The Future of Retail?

2019 IS LIKELY TO BE A YEAR IN WHICH DATA BECOMES EVER MORE IMPORTANT TO RETAILERS, ALLOWING THEM TO MAKE DECISIONS BASED UPON WHETHER THE DATA SAYS IT'S A GOOD IDEA. IF YOU'RE STRUGGLING TO FIND VALUE FROM ONE NEW TECH TREND, THEN PERHAPS IT'S TIME TO TRANSFER YOUR ATTENTION TO ANOTHER.

After all, used correctly, the potential for these new technologies is almost unlimited. Here are some things that retailers should take heed of moving into this new wave.

**1. Convenience will rule**

Digital marketers have long known that every extra step in the purchasing journey will reduce the number of people who actually go through with a purchase. In 2019, expect to see more retailers adopting this concept by making it as easy as possible for people to purchase from them, whether it is by streamlining mobile applications or by providing self-service checkouts so that shoppers in a hurry can pay for their product and move on.

**2. Artificial Intelligence**

Artificial intelligence (AI) is a growing trend across most industries at the moment, and it's easy to see why. It can process data far more efficiently than any human ever could, and when this is combined with machine learning and other emerging technologies, it can allow us to access much deeper insights than previously possible. For retailers, this means that they'll be able to uncover all sorts of new ways to optimise their physical locations to increase revenue and overall profit.

**3. Personalisation**

Personalisation has always been important to sales and marketing teams, but it'll take on a new level of importance in 2019 and beyond as more and more companies master the art of personalised communications through marketing automation platforms, CRM systems and more. Online personalisation is nothing new, but we're starting to see more and more technologies that allow retail companies to personalise the in-person experience, too. In many ways we're heading full circle because the personalised approach is the main thing that we've always liked about local businesses.

**4. Lifestyle marketing**

As the millennial generation heads into maturity, they'll have an increasing amount of purchasing power and drive much of the marketing in the retail industry. But millennials are much more interested in lifestyle aspects and in creating memories as opposed to "having stuff", and so retail marketers will need to recognise that in the stories they tell if they hope to capture their imaginations.

***Source: From inc.com***



# VERHEF JOU STEM teen onetiese gedrag

etiese notas

## Etiese waarde: Betroubaar (Ek doen wat ek sê)

Die etiese waardes van ‘n onderneming dra ‘n boodskap oor aan sy voornemende klante. Dit sê vir die klant dat hy gerus kan wees dat as hy met dié onderneming besigheid doen, sal die diens of produk wat hul lewer, deur dit wat die etiese waarde onderskryf, gekenmerk word. Etiese waardes dra dus ‘n boodskap oor van die etiese karakter, die “binnekant-beeld”, van die onderneming.

‘n Ander meer sigbare teken wat wys hoe die “eksterne-beeld” van die onderneming lyk is hul korporatiewe kleredrag. Hinterland personeel het op die voorblad van die vorige ***Hinterlander*** gespog met Hinterland se ***“new look”***, ons “nuwe” kleredrag! Al ons personeel is uitgereik met die “nuwe” identiteit wat, as hulle dit aantrek, hulle as ‘n ***Hinterlander*** identifiseer. Met dié kleredrag aan, weerspieël ons Hinterland se beeld en sien klante ons as verteenwoordigers van Hinterland, dan is ons personeel in die oë van ons klante, in wese **Hinterland!**


Om die Hinterland beeld te kan uitdra moet ons eers hierdie nuwe hemp, of oorpak aantrek. Net so moet ons die etiese waardes van Hinterland ook “aantrek” deur dit in ons dienslewering of in die uitvoering van die transaksie uit te leef en daarvolgens op te tree, voordat die klant dit sal ervaar. As ons as personeel nie die etiese waardes ons eie maak en uitleef nie, sal **Hinterland** nooit deur ons klante aan die etiese waardes gekenmerk word nie.

As ons fokus op Hinterland se etiese waarde: **Betroubaar**, beteken dat wanneer ek as personeellid dié waarde **my eie** gemaak het, dan doen ek wat ek sê. Dit definieer in werklikheid my integriteit, want as ek sê ek is betroubaar, sê ek ***“ek is eerlik, my ja, is ja, jy kan my vertrou!”*** Betroubare mense se woorde en gedrag stem ooreen. Hulle kan vertrou word, want as hul iets beloof, kom hulle dit na, en wat hul sê kan jy glo want hulle praat **altyd** die waarheid!

Baie groot transaksies is al deurgehaak en langtermyn besigheidsverhoudings gevestig omdat klein en op die oog af onbenullige transaksies, met eerlikheid en integriteit gedoen is. Groot dinge in die lewe word dikwels deur klein dingetjies begin. Op dieselfde wyse het baie lang besigheidsverhoudings of groot transaksies al skipbreuk gely omdat klein dingetjies nagelaat is, gierigheid oorgeneem het en eerlikheid, betroubaarheid en integriteit prysgegee is deur 'n leuen te vertel of oneerlik te wees. Daar is 'n **Afrika-wysheid** wat sê: **Great talkers are never great doers**. Of in Sotho: **Ho bua hase ho phetha**. Dit beteken, mense wat betroubaar is, nie grootpraters is wat net praat en leë beloftes maak nie, néé hulle doen wat hulle sê! Hulle doen die regte dinge, in tyd, soos belowe en hulle doen dit reg! Hulle is betroubaar in die nakoming van hul beloftes.

Kom ons as **Hinterlanders** onthou dat as ons die Hinterland-embleem op ons bors dra, ons daarmee vir die klant sê: **“Ek is betroubaar, ek doen wat ek sê“**, en kom ons leef dit uit in ons dienslewering!

# new RECRUITS




**Plenty new** faces said hello to the Hinterland family in August and September. Hinterland welcomed new employees across the branches. This month, the featured new recruits are Mr SC Schoeman who joined Hinterland Fuels Klerksdorp as an assistant manager, Miss Chantel Brits newly appointed receiving clerk at Hinterland Heilbron and Mrs KV Segopa, kiosk attendant at Hinterland Fuels Bloemfontein . Welcome to the family! All staff, new and old, are reminded to upload a recent photo of yourself onto your profile on the company intranet. **Lekker werk julle!**


SC Schoeman



Chantel Brits



Violet Segopa



| COMPARISON OF CASES REPORTED, DISMISSALS AND LOSSES | | | |
|---|---|---|---|
| | June, July and August 2018 | | |
| **Department** | **Cases reported** | **Dismissals** | **Loss** |
| **Shop** | **4** | | |
| **Fuel** | **3** | **1** | **1 758** |
| **Warehouse** | **2** | | |
| **Total:** | **9** | **1** | **1 758** |
| | June, July and August 2017 | | |
| **Department** | **Cases reported** | **Dismissals** | **Loss** |
| **Shop** | **11** | | **25 795** |
| **Fuel** | **3** | **9** | **11 911** |
| **Warehouse** | **4** | | |
| **Total:** | **18** | **9** | **37 706** |

# Reisverhale




**Kevin Smit, Corné Kruger, Daan Bronkhorst en Louis Lingenfelder** is deur Monsanto SA uitgenooi om in die Verenigde State te reis om 'n Farm Progress Show wat deur Monsanto VSA aangebied is, by te woon. Dit is in Iowa gehou. Die Monsanto navorsingsfasiliteite is in Chesterfield.

Die meeste van Monsanto se navorsing en produkontwikkeling word hier gedoen. Die groep het die Climate Corporation, Ag Leader en John Deere Waterloo fabriek besoek, waar John Deere Tractor Cab Assembly Operations 6R, 7R en 9R-reeks trekkers bou. Die geleentheid is gebruik om 'n wye reeks produkte en dienste, soos masjinediensdienste, oesrisikodienste, skoonmaakstelsels en industriële produkte te besigtig.


# BLOEMFONTEIN VULSTASIE *word opgegradeer*










**Die vulstasie** by ons Hinterland tak in Curielaan, Bloemfontein was nog altyd ons vlagskipstasie. Dit het egter effens gehawend begin lyk en het dringende aandag benodig. Hinterland het met die brandstofverskaffer onderhandel, waarvan die uiteinde nuwe brandstofpompe was, wat dit moontlik gemaak het om die vulstasie na hartelus op te gradeer.

Die stasie is middel Junie gesluit en 'n doelwit is gestel om 'n opgraderingsprojek te loods, wat teen einde Augustus gefinaliseer moes wees. Ons het die geleentheid gebruik om die rybaan wyer te maak vir beter verkeervloei, die toegangspad verbreed en die vulpunte verskuif om die brandstofafleweringswaens veilig en uit die pad te hou terwyl brandstof afgelewer word. Die pompe is opgegradeer na die nuutste draadlose eenhede en 95 oktaan ongelode brandstof is ook beskikbaar gestel. Ons het ook die nuutste generasie elektroniese pompe vir bande geïnstalleer en nuwe vleklose staal asblikeenhede is ontwerp. Die beligting is opgegradeer na LED-beligting wat helderder is, met 'n kleiner $CO_2$ voetspoor. Ons het ook 'n dampherwinningstelsel op die ventilasie-eenhede geïnstalleer om die verdamping van brandstof te verminder en lugkwaliteit te verbeter.

Die ou geriefswinkel is opgegradeer na 'n volledige OK Express winkel met 'n besige kombuis wat heerlike wegneemetes voorberei. Die winkel verkoop ook heerlike koffie, lotto-kaartjies, lugtyd en vooraf-betaalde elektrisiteit, benewens al die gewone items wat in 'n geriefswinkel gevind kan word. Die klanttoilette is heeltemal opgegradeer ten einde gestremdes beter te kan akkommodeer. Ons eerste kontakpunt met klante is ons pompjoggies en ons het derhalwe belê in 'n nuwe kiosk om hulle teen die Vrystaatste klimaat te beskerm, wat hulle 24/7 gedurende alle seisoene die hoof moet bied.

Die nuwe fasiliteite is op skedule op **30 Augustus** geopen. Terugvoering van ons klante tot dusver is baie goed, personeel is meer gemotiveerd as ooit en ons vertrou dat die span uitstekende diens sal lewer wat ons klante sal geniet en lojaal teenoor Hinterland Fuels sal hou.


# Nuus VAN ONS TAKKE

## kinderhoekie



### 'N OPKOMENDE STER!

**Some Cromhout (10), het aan die Noordwes proewe onder 11, "vlak 4" ritmiese gimnastiek op Saterdag, 1 September 2018 in Klerksdorp deelgeneem. Sy het derde geëindig en het 'n goue, silwer en 'n brons medalje gewen vir haar drie dissiplines. Sy is ingesluit in the Noordwesspan en sal op 4 Oktober aan die SA Kampioenskappe deelneem.**



**Ruane Van der Merwe wen die 2018 SA Ritmiese gimnastiek algeheel in haar ouderdom en sy het eerste plekke gekry in haar apparaat en vryedans algeheel.**

## Spotlight on Livestock Farming in Parys




**Hinterland Parys** in partnership with RCL Foods and MSD animal health recently took their livestock farmer clients on a tour to Malelane from 15-17 August. Stefan Cronje (Regional Manager Molatek), Dirk Stears, as a representative of MSD Animal Health, members of the Beef Farming Study Group and other farmers in the Parys district, including Kobus Dannhauser (Chairman of the Weiveld Farmers Association) formed part of the delegation.

## HINTERLAND POTCHEFSTROOM REVEALS NEW LOOK

**Hinterland Potchefstroom is bigger and better.** The branch revealed its brand new look during a fun-filled reopening on **5 August 2018.** With pop singer **Jay** as the main attraction for the day, and plenty of in-store specials to mark the occasion, the crowds lined up early to take advantage of the promotions. It was a day of good music, fun and lots and lots of shopping. Branch Manager Ruan van der Merwe expressed his gratification at the turnout and the big hike in sales that the branch has experienced since the reopening. **Well done on a successful revamp Potch.**





## Elzabe tree af



Hinterland Klerksdorp het afskeid geneem van Elzabe McDuling in September. Elzabe, wat 'n bestelklerk by Hinterland Hoofkantoor was, het haar loopbaan by AFGRI begin in 1998, toe sy begin werk het as 'n kassiere in die Bethlehem tak. Sy is toe na Slabberts tak verplaas, waar sy administrasie en verkope gedoen het. Elzabe het in 2005 takbestuurder geword - 'n rol wat sy vir twee jaar vervul het tot in 2007, toe haar man na Bloemfontein verplaas is. Sy het in 2013 by Hinterland aangesluit en was 'n gelukkige lid van die span vir vyf jaar. Hinterland personeel het haar alles van die beste toegewens tydens 'n afskeidsfunksie wat by Hoofkantoor gehou is. Elzabe en haar man sal na Bethlehem verhuis waar hulle hul aftrede sal geniet. Alles van die beste Elzabe!

## Daar is 'n nuwe reklamebord in die dorp





**'n Splinternuwe reuse Hinterland** reklamebord is op 1 September 2018 in die hoofstraat van Potchefstroom opgerig. Die ontwerp van die bord is die breinkind van 'n groep briljante Noordwes Universiteit Bemarkingstudente (Honneurs), wat die wenners van 'n kompetisie was waarin hulle 'n konsep en ontwerp moes voorlê wat die Hinterland handelsmerk die beste sou pas. Die uiteindelike wenners het 'n indrukwekkende uitleg geskep wat die dienste wat Hinterland bied, beklemtoon het. Die wenners is op 17 Augustus 2018 aangekondig. Hulle het 'n R1 000 kontantprys en 'n R500 Hinterland brandstofbewys gewen en, natuurlik die grootste prys ... spogregte!

# Hinterland Heroes

Hinterlanders were heroes for a day for a good cause on Casual day held on **7 September 2018**. The theme for this year's celebration was *Be an Everyday Hero* and Hinterland staff had a great time coming up with their own unique interpretations of the theme. From the Incredibles to the Care Bears and Ninja Turtles, our heroes showed up and showed out in support of people with disabilities!








## Mandeladag


Die Hinterlandtak in Klerksdorp het besluit om **Mandeladag** te gebruik om vir ons onbesonge helde, die polisiepatrollie-, honde- en speureenhede dankie te sê vir dit wat hulle vir die gemeenskap doen en beteken. Die span het vir hulle middagete bedien en terwyl hulle eet, ook sommer hulle voertuie gewas. Dit was om dankie te sê dat hulle die gemeenskap beskerm, veilig hou en hulle lewens op 'n daaglikse basis in gevaar stel. As gemeenskap behoort ons hulle juis te besing. Hinterland Klerksdorp sê dus dankie aan die polisiepersoneel vir hulle diens aan die gemeenskap.


## HERONTDEK DIT WAT SAAK MAAK BY HINTERLAND!

Almal geniet dit om so nou en dan 'n bietjie gepamperlang te word en die personeel van hoofkantoor en Danika Spa het dit goedgedink om die ouer gardes by Klerksdorp Tehuis vir Bejaardes 'n bietjie te bederf ter viering van **Nelson Mandeladag**. Hulle het geskenke en glimlaggies gebring, terwyl Danika Spa die bejaardes bederf het met handmasserings en die dames se naels geverf het.

Die tehuis verskaf akkommodasie aan bejaardes wat nie onafhanklik in die gemeenskap kan funksioneer nie. Die bestuurder van die tehuis, Igna Steyn, sê dat dit 'n wonderlike dag was vir die inwoners en dat hulle soos konings en koninginne gevoel het. "Dit was 'n wonderlike inisiatief en ons bedank Hinterland vir die gebaar. Hinterland se besoek bewys dat daar nog mense is wat die bejaardes waardeer en lief is vir hulle", het sy gesê.

Pizzas is bedien vir middagete na die gepamperlang, wat die bejaardes baie geniet het. Henry van Antwerpen (Bestuurder: Besigheidsondersteuning) het die besoek met die volgende woorde afgesluit: *"Die bejaardes is vir ons belangrik. Hulle het begin waarop ons moet voortbou. Dit is dus vir ons belangrik om hulle te eer."*









# 20 Questions with...

## Rosie Dintsi from Potch







1. **What do you do at Hinterland and how long have you been doing it?**
   I have been a switchboard operator at Hinterland Potchef-stroom for the past seven years.

2. **What is the coolest thing about your job?**
   Sharing ideas with the young women I work with and giving them advice.

3. **What's the suckiest thing about your job?**
   Dealing with impatient people.

4. **Besides your job, what other passions do you have?**
   I enjoy cleaning, cooking and going to church.

5. **House catches fire, all the humans are out, what do you save?**
   My Tupperware.

6. **What is your go-to sing along song in the shower?**
   Always gospel music.

7. **If you were to live to 90 years old and either retain the mind or the body of a 30-year-old, which would you choose?**
   I would definitely want to have the body.

8. **What is your favourite food?**
   I love curried food.

9. **Which is your favourite season? Why?**
   Summer. I hate the cold.

10. **Who is your celebrity crush?**
    Kope Makgae who plays Mrekza (Lucy's boyfriend) on Generations.

11. **What would you want to be famous for?**
    For making others happy.

12. **Name two things that all Hinterlanders have in common?**
    Our uniform. We are hard workers.

13. **What do you like most about yourself?**
    I am a very hard worker.

14. **What is your favourite lie?**
    Pretending to be happy when I am not.

15. **For what in your life do you feel most grateful?**
    I am grateful for good health.

16. **Who is your favourite person on earth?**
    My granddaughter. She makes me smile every day.

17. **What is your idea of a perfect date?**
    Candlelit dinner.

18. **What is your dream holiday destination?**
    Cape Town.

19. **Wine, Vodka, Gin or Tequila?**
    Wine.

20. **Who is your favourite superhero and why?**
    My husband. Because he has loved me for 24 years.